90 Jaar

1926 - 2016

JvR ALUMNI

Hoërskool Jan van Riebeeck

18 November 2016

Beste Jan van Riebeecker,

Insake: Jaarvergadering, Spitbraai en Beursinligting

Ons kan met groot opwinding bevestig dat Hoërskool Jan van Riebeeck nou `n nuwe, aktiewe alumni-vereniging het. Die komitee wat in Maart 2016 verkies is vergader maandeliks om na die belange van die vereniging om te sien. Die **grondwet** van die JvR Alumni kan besigtig word deur hier te klik.

Ons nooi u hartlik uit om aktief by die JvR Alumni betrokke te raak. U deelname is nodig om die vereniging lewenskragtig te hou. **Ons jaarvergadering en spitbraai** vind plaas om 18h00 op Saterdag 4 Maart 2017. RSVP asb. by Helena le Roux.

Die nuwe databasis van meer as 8 500 oudskoliere stel ons in staat om u te bereik en per e-pos met meer as 3 600 lede te kommunikeer. Hierdeur kan ons nou die Alumni voorsien van JvR-nuus en inligting oor gebeure, prestasies, reünies en veel meer oor die doen en late van ons Alma Mater. Dit help ons om funksies en reünies te reël en op dié wyse oudskoliere in kontak met die skool en mekaar te bring en so die bande van die JvR-familie te versterk. Klik hier vir inligting oor die **aanlyn databasis.**

Die vereniging wil ook die Alma Mater bystaan met die handhawing van Jan van Riebeeck se goeie naam, tradisies en wêreldklas opvoeding. **Chad le Clos** het byvoorbeeld op 15 November aangekondig dat hy ‘n swem akademie by die skool sal stig en ook sy persoonlike swem-oefeninge daar gaan doen. Sien video berig hier. Die vereniging het tans ‘n persoon wat die oudskoliere-kantoor by die skool beman om na ons belange om te sien en korrespondensie met oudskoliere te hanteer. Helena le Roux se take behels onder andere die instandhouding van die skool se argief en om artefakte van oudleerlinge in ontvangs te neem, te dokumenteer en uit te stal. Verder word die huidige leerlinge op hoogte gehou van oud-skoliere se doen en late en prestasies. Op dié wyse word oud-skoliere nie vergeet nie en dien as rolmodelle en inspirasie vir die leerders. Die argief word dikwels deur reüniegroepe besoek en gee hul die geleentheid om hul skooldae te herleef.

Die vereniging verwelkom oudskoliere se finansiële ondersteuning deur die skenk van beurse, pryse en toekennings ter bevordering van leerdergetalle en die getal koshuisinwoners. **Daar is tans 450 leerders in die skool en die mikpunt is 650 leerders.**Verskeie skoliere het al deur hul finansiële skenkings 'n groot verskil in die lewens van huidige leerders gemaak. **Meer inligting oor die JVR Alumni beursfonds** kan verkry word deur te klik op die twee skakels 1) Beursbrief en 2) Donateursvorm

Ons hartlike dank aan almal wat reeds betrokke is deur die bywoning en ondersteuning van reünies, skoolverwante funksies soos - Stigtersdag, Seniorstee, kunsuitstallings, sportdae, fondsinsamelingsdinee en op te tree as geleentheidsprekers by die skool. Baie oudleerlinge is ook bereid om hul tyd, ervaring, talente en vaardighede met die skool te deel wat help om die skool te versterk en verder uit te bou.

U is welkom om Helena le Roux te kontak by jvralumni@gmail.com of telefonies by 082 461 9753 indien u meer inligting verlang.

Ons sien daarna uit om u **Saterdagmiddag 4 Maart 2017 by die Klubhuis te sien.**

Vriendelike groete,

Louis Boshoff (Matriek 1990)
Voorsitter

JvR Alumni - *(Oudleerling organisasie van die Hoërskool Jan van Riebeeck, Kaapstad, Suid Afrika.)*

Bestuur: Louis Boshoff (Voorsitter), Rian Maartens, Johan Loubser, Pienaar Welleman, Helena le Roux, Kim Kritzinger, Christoff Pauw.
Adres: p/a Argief, Hoërskool Jan van Riebeeck, Kloofstraat 129, Kaapstad, 8001

"Met trots help ons verseker dat Jan van Riebeeck 'n uitmuntende wêreldklas opvoedkundige instelling bly."